Greater Cederberg
Fire Protection Association

Notule van Algemene Jaarvergadering

7 Julie 2017 (10:00 – 12:00)

Waterverbruikersvereniging Konferensie Saal - Citrusdal

1.	Opening en Verwelkoming

Bertus Senekal verwelkom almal teenwoordig op die vergadering. Spesiale verwelkoming aan lede van die Noord-Kaap, SANRAL en die gasspreker Mnr. Stephen Cousins.

Sien: Aanhangsel 1 – Teenwoordigheid register en Aanhangsel 2 – Lys van Verskonings ontvang

2.	Goedkeuring van vorige notule

Die notule van die vorige Algemene Jaarvergadering (23 Junie 2016) word aan die vergadering voorgelê. Goedkeuring van die notule word deur Martli Slabber voorgestel en dit word gesekondeer deur Cobus Smit.

3.	Ledegeld Verhoging

Charl stel voor dat die lidmaatskap fooie outomaties jaarliks aangepas word volgens die inflasie koers (CPI). Inflasiekoers vir Maart soos gelys op die Reserwebank se web-tuiste sal gebruik word om die aanpassing te maak. Die voorstel word deur die vergadering goedgekeur en sal reeds vir die 2017-2018 finansiële jaar van toepassing wees.

4.	Verkiesing van nuwe Bestuur

Geen nuwe bestuur word verkies, aangesien die huidige dagbestuur instem om voort te gaan in hul poste.

5.	Finansiële Verslag

Jacomien Britz lê die finansiële verslag voor vir die tydperk Maart 2016 tot Februarie 2017.

- Dit was ’n moeilike finansiële jaar omrede daar meer geld afgeskryf is aan lede geld wat nie ingekom het nie – hoofsaaklik lede wat plase verkoop het;
- Heelwat minder lede het aangesluit ten opsigte van die vorige finansiële jaar;
- Grootste uitgawes is brandstof en salarisse;
- Uitgawes by Vredenburg Base (R42000) is hoog omdat hulle betaal vir eie internet, sekuriteit en opgraderings gedoen is toe basis oopgemaak het;
- Heelwat besparings het voorgekom op vorige uitgawes wat toon dat die personeel baie doen om geld te bespaar.

Sien: Aanhangsel 2 – Aanbieding van verslag

6.	Jaarverslag

Charl du Plessis gee terugvoering oor die werksaamhede van die afgelope jaar.

Bertus Senekal, Brandweerhoof by Weskus Distriksmunisipaliteit (WKDM) gee ook terugvoering oor die afgelope brandseisoen en die werksaamhede die afgelope jaar.

- 308 brandpermitte is aan lede uitgereik gedurende 2016/2017;
- Daar was 821 brandvoorkomings inspeksies op eiendomme in die streek;
- 1700 oproepe is ontvang deur die beheersentrum vir verskillende tipes nood situasies;
- 2 ekologiese beheerde brande is bygewoon deur die WKDM;
- Kaapse Wynland Distrik Munisipaliteit is twee keer tydens brande deur die WKDM bygestaan;
- WKDM was betrokke by drie voorbranding sessies;
- 22 personeel van die WKDM was ontplooi om bystand te lewer tydens die Knysna vuur;
- R800 000 is gebruik vir lugondersteuning gedurende die 2016/2017 brandseisoen;
- Bertus Senekal het as spreker op getree by die Agri Wes-Kaap kongres waar daar onder andere bespreek is om die reëls en regulasies van brandpermitte te hersien. Die reëls was in die laaste vyf jaar nie hersien nie en daar was beroep gedoen dat grondeienaars wel op rooi of oranje dae wil brand, maar dan aan die nodige voorsorg maatreëls moet voldoen en ook bereid wees om die nodige kostes te dek sou so'n vuur buite beheer raak en die nodige hulp ingeroep moet word.
- Grondoudits sal ook weer deur die Brandweer gedoen word om te bepaal of brandbestuursplanne geïmplementeer word en of die eiendomme veilig is in terme van brandrisiko's en brandbestrydingsoperasies ;
- Volgens die Brandweer wet sal daar aan elke grondeienaar gefaktureer word waar die brandweer diens gelewer het tydens 'n vuur, ongeag waar die vuur begin het;
- Die WKDM het finansiële bystand gelewer vir 'n 18 000ℓ dam wat in die Wuppertal area opgerig is, hierdie dam sal doeltreffend gebruik kan word tydens vure vir lugondersteuning doeleindes;
- Tekortkominge – toerusting vir die suksesvolle bevegting van chemiese vure. Befondsing is egter hiervoor ontvang en die nodige toerusting sal aangeskaf word;

- Martli Slabber vra dat die brand permit reëls onderhewig moet word aan risiko assessering en beperk moet word tot sekere areas.
- Bertus Senekal noem aan die vergadering dat die reëls slegs van toepassing is op sekere areas in die streek.
- Charl du Plessis deel mee aan die vergadering dat DAFF ook eiendomme gaan besoek en volledige oudits gaan uitvoer om te verseker dat grondeienaars aan die stipulasies van hulle bestuursplanne voldoen.
- Martli Slabber maak ook van die geleentheid gebruik om die BBV geluk te wens en die BBV te bedank vir harde werk en toewyding aan die lede vir die afgelope jaar.

Sien: Aanhangsel 3 – Aanbieding van verslag

7.	Toets vir Brandafhanklikheid in Renosterveld
Stephen Cousins, 'n student van Universiteit Stellenbosch, Departement van Bewarings-ekologie en Entomologie lewer 'n voorlegging aan die vergadering ten opsigte van sy studies en bevindings rakende die brand van Renosterveld. *Sien: Aanhangsel 4 – Aanbieding van verslag*	
8.	**Afsluiting**
Die Voorsitter, Bertus Senekal, bedank almal vir hul bydrae en teenwoordigheid. Spesiale dank aan die Citrusdal Besproeiingsraad vir die gebruik van die fasiliteite. Die vergadering verdaag om 12:30.	